

**5 Junie**

**Skrifgedeelte: Openbaring 3:7-13 (NAV)**

**Fokusgedeelte: Openbaring 3:8,10**

### **Vind jou krag in God!**

Die gemeente in Filadelfia was 'n klein en swak gemeente. Filadelfia was 'n gemeente met min krag – so het die Here Jesus self in vers 8 van die briefie aan hierdie gemeente gesê.

Kan ons ons nie soms baie sterk met hierdie gemeente identifiseer nie? Voel dit nie vir ons ook soms asof ons min krag het nie? Indien jy jou met hierdie gemeente se min krag identifiseer, vind dan vertroosting uit hierdie briefie aan Filadelfia!

Christus skryf aan Filadelfia dat Hy haar min krag ken. Hy weet dat sy menslik gesproke maar swak is. Net so moet ons vandag hoor dat wanneer ons kragte min is, Christus daarvan weet. Hy ken ons swakheid omdat Hy betrokke by ons is. Deur sy verlossingswerk het die Vader ons as sy kinders aangeneem en is ons nou mede-erfgename van Christus. Christus is ook nie skaam om ons sy broers te noem nie (Hebreërs 2:11).

Dat Filadelfia te midde van haar swaarkry aan hierdie verlossingsfeite vasgehou het, is duidelik uit Christus se woorde in vers 8: "... julle het aan my boodskap vasgehou en My nie verloën nie." Hulle het daaraan vasgehou, en nou kom die troos in vers 10 dat Christus hulle ook sal "vashou in die tyd van beproewing wat oor die hele wêreld gaan kom ..."

Jy wat te midde van swaarkry, beproewings en min krag aan die evangeliebodskap bly vashou, wéét dat Christus jou swakheid ken, en wéét dat Hy jou in die beproewings sal vashou. Onthou, as jy swak is, dan is Christus in jou sterk (2 Korintiërs 12:10).

*Sing. Skrifberyming 43:1,2,4,5,6 Ds JA Erasmus (Germiston)*